

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van Ou Pretoria,

Ek is nog steeds op die ou Koerante. Laat weet maar as dit nie interessant is nie of as daar enige ander onderwerp is waaroor u graag meer wil hoor. Wat die koerante so interessant maak is dat meeste van dit wat daar nog staan nog nooit voorheen oor geskryf is nie. Miskien is dit omdat nie werklik “geskiedkundig” is nie maar dit gee wel ‘n kykie in die alledaagse lewe van daardie tyd.

### **GebuiK van Kerkplein**

Dit lyk nie asof die mense hulle veel gesteur het aan die verbod wat die kerk geplaas het op die gebuiK van Kerkplein nie. [sien vorige brief] Die kerk wend hulle nou tot landdros Smit en op 20 Mei verskyn die volgende kennisgewing: Landdros J.S. Smit bepaal nou verbode:- enige vendusie of ander openbare verkoping. Geen boumateriaal mag afgelaai word behalwe op ‘n breedte van 15 voet op die buitrand van die plein. Geen uitspanning van waens of ander rytuie behalwe vir Kerklike doeleindes. [Ek wonder waar is die Ou Raadsaal se boumateriaal afgelaai en gebêre?]

### **Volksspelen**

Op beide Paasmaandag en Hemelsvaartsdag in 1889 word Volksspele op Berea park aangebied. Dit was iets so tussen boeresport, atletiek en ‘n swemkompetisie. Dit is deur ‘n kommissie van vooraanstaande manne gereël en hulle het ook ‘n Arbitr, ‘n Seingewer en ‘n Skeidsregter aangewys. Die volledige uitslae word ook in ‘n latere koerant gepubliseer. Geen dames of jong meisies het deelgeneem nie.

Van die items wat plaasgevind het was o.a. 100 yards, Hoogspring, Verspring, Sakresies, Hinken Stappen en Springen [Driesprong?] Wedloop met hindernissen, Wedstyd met rekstok, 160 yards swemwedstryd, Duiken, Eendejagt en Boegsprietlopen.

Die kleredrag vir swem is voorgeskryf en was as volg. Alle Zwemkostuums moeten zijn in broeken tot aan de knieën en borstrokken. Iedere deelnemer die hieraan niet voldoet zal niet worden toegelate [Geen kans dus vir die manne om hul spiere en “six packs” te wys].

### **Ongewensde Plante**

Van vroeg af was die inwoners van Pretoria al bekommerd oor onkruid en ander ongewensde plante. In ‘n Volksstem Desember 1873 word alreeds gevra dat die Xanthuim Spinosum uitgeroei word.

Dit word nou ‘n saak vir die Veldkornet. Op 21 Maart 1889 plaas Veldkornet J.W. van den Berg die volgende berig in die koerant: Aangesien ek die ondergetekende Veldkornet vir die Stad Pretoria die eienaars en bewoners van erwe hier al dikwels gewaarsku het om die Boetebossies of Xanthuim Spinosum op hul grond uit te roei en aangesien dit nie uitgevoer word nie, waarsku ek almal dat indien die genoemde boetebossies nie voor 2 April verwyder is nie, sal die nalatiges volgens wet vervolgd word. Die erwe van Sunnyside is hierby ingesluit.

Dit is nie die enigste plaag wat uitgeroei moet word nie. Op 28 Maart word berig die Australiese luis – ‘n vernielende insek – is vir die eerste keer in Pretoria gesien. Dit is eerste gesien in die tuin van die Nederlandse Konsulgeneraal, die heer Bergsma. Daarna ook in die tuine van Kisch en Bourke. Dit is spoedig uitgeroei het nou weer op meer plekke verskyn. Die Landdros het ‘n persoon aangestel om al die tuine te ondersoek en die besmette bome uit te roei.

In die Pretoria brief van Julie 2003 was die volgende **navraag van Ernst Muller**.

Navraag: **Witfontein Plaasopstel**


Ons gesin het verlede jaar ingetrek op 'n plot in Heatherdale (naby Pretoria-Noord). Die woonhuis is 'n stoepkamerhuis van klip wat waarskynlik uit die 1890's of vroeër dateer. Daar is ook 'n klipskuur vanuit dieselfde tydperk. Daar is ook die afgebrande murasie van 'n grasdakhuis uit die laat 1920's of vroeë 1930's, twee graansilo's uit 1942 en nog 'n paar latere geboue. Ons sal enige inligting oor die geskiedenis van die geboue, die oorspronklike plaas (Witfontein) of die omgewing verwelkom. Volgens die akte-rekords was J J L Pretorius die eerste eienaar van die plaas (sedert 1860). Daar is 'n hardnekkige storie onder die bure dat die huis aan 'n sekretaris van Paul Kruger behoort het, maar ek kon nog geen bewyse daarvan vind nie. Ons sal baie graag 'n foto van die huis se vroeëre jare wil opspoor. Baie dankie. [Ernst Muller]

Verlede maand het ek die volgende antwoord van hom gehad.

Ernst hier, van die ou plaashuis in Heatherdale (die ou Witfontein-plaaswerf).

Nou die dag 'n **interessante besoek** gehad, maar laat ek eers vertel van 'n vroeër besoek:

1. 'n Paar maande gelede het 'n **de Bruyn-egpaar** (albei in hulle 80's) en hulle dogter ons kom besoek. Hulle het van 1956 (my geboortejaar) tot 1963 op hierdie plot gewoon. Oom Tonie de Bruyn was fotograaf by Onderstepoort en het vir my 'n afdruk van onderstaande foto gegee (dis ek wat dit "outyds" gekleur het). Dit is in 1962 geneem en wys al die bestaande geboue (die ou kliphuis in die onderste regterhoek), die klipskuur (toe 'n hoederhok, agter), die "cottage" links, die melkkamer in die middel, regs die buitegeboue (wat ons aan die omskep is in 'n gastehuis vir sendelinge) en voor die "hoofhuis" (nou 'n afgebrande murasie, wat ons graag wil restoreer). Die huis is in 1930 gebou deur 'n meneer Solomon, volgens mnr de Bruyn. Agter sien mens die 1000 nartjebome wat hy geplant het (waarvan een oor is, een wat op 'n suurlemoenstam geënt is en nou heerlike nartjies en suurlemoene dra).



2. 'n Paar weke gelede kon ons die klok nog verder terugdraai toe **Tannie Mollie Willmer** van die *Africana Vereniging* ons kom besoek het, 76 jaar nadat sy laas hier was! Sy het saam met haar ouers op die plaas gewoon as klein dogtertjie (tot ongeveer 1930/31). Sy kon sekere feite bevestig en sekere vraagstukke help opklaar.

Daar was twee werwe, op die een het **mnr Emile Hollard** gewoon (nie die een wat advokaat was in pres Paul Kruger se tyd nie - en na bewering ook 'n huisvriend van die ou president - en wat in 1906 al oorlede is, maar waarskynlik sy seun). Dit verleen gewig aan die volhardende storie dat die ou Hollard ook hier gewoon het en dat die president hom soms hier kom besoek het (maar wanneer dit sou wees, weet ek nie, aangesien Hollard sr. in 'n pragtige huis in die middestad gewoon het (sien SA Bio-grafiese Woordeboek). Volgens haar het Hollard in 1927 verkoop en het sy sy koperbed "geërf" (haar Pa was geskok toe Hollard vra wat sy graag wil hê en sy sumier vir die bed gevra het).

In die ander huis het die **gesin Sim** gewoon (die naam kom in die register van aktes voor, maar nie die naam Hollard nie). Mev Sim het 'n pappegaai gehad.

Daar was 'n **fontein** gewees en 'n dam met helder water, vandaar die naam "Witfontein". Sy onthou ook die Engelsman, **Trollope**, wat na Hollard hier gewoon het (ook op die register van aktes) en wat altyd 'n "pith helmet" gedra het. [Ernst Muller]

Groete tot volgend maand

Rosa Swanepoel

Ns. Ek het sal binnekort ook die Rustenburgse Huweliksregister van 1838 tot 1885 op CD beskikbaar hê. Amper 200 bladsye. Die kwaliteit is ongelukkig nie baie goed omdat die boek vreeslik groot is en die afstand tussen die bladsy en die kamera baie ver is. Ek probeer nog 'n metode vind om duideliker fotos daarvan te neem.